

Erkenning vir kreatiewe uitsette

Ten einde uitvoering te gee aan die IKNI-besluit van 3 Mei 2010 dat die kreatiewe uitsette van die NWU erken moet word, word die volgende raamwerk en aanbevelings voorgelê. Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding stel tans ondersoek in na die praktyk van erkenningverlening vir kreatiewe uitsette op 'n manier soortgelyk aan die erkenning vir navorsingsuitsette – met die oog op moontlike subsidie van hierdie uitsette. Die voorgestelde hersieningsproses hieronder is in ooreenstemming met die prosedurele dokument onder bespreking deur DvHOO.

1 Inleiding

1.1 Tuiste van die toekenning

Die toekenning sal geadministreer word deur die Institusionele Navorsingsondersteuningskantoor. 'n Komitee bestaande uit vakkundiges in die betrokke vakgebied(e) sal byeengeroep word om die Direkteur: Navorsingsondersteuning oor die maak van toekennings te adviseer.

1.2 Prosedure

Personeel doen op 'n voorgeskrewe vorm aansoek vir evaluering. Die aansoeke vir 'n betrokke jaar moet vóór 31 Mei via die betrokke Dekaan by die Institusioneel Navorsingsondersteuningskantoor ingedien word. Na ontvangs van die aansoeke vir die jaar word die toepaslike eweknie-evalueringsproses gevolg, soos hieronder uiteengesit. Die Direkteur: Navorsingsondersteuning stel dan 'n opsomming van die eweknie-evalueringsverslae saam en maak 'n aanbeveling aan IKNI en die Senaat.

1.3 Oorhandiging

Die toekennings sal oorhandig word by die jaarlikse prestige-geleentheid waar erkenning gegee word vir die NWU se navorsingsuitsette.

1.4 Aard van die toekenning en finansiële implikasies

Aangesien die lewering van kreatiewe uitsette dikwels van personeel in die betrokke dissiplines vermag word en dit beskou sou kon word as verbandhoudend met onderrig en navorsing, word aanbeveel dat die toegekende bedrae in ooreenstemming is met die ITUN-aansporingskema vir navorsingsuitsette. Vir elke toekenning sal 'n reeks eenhede gespesifiseer word; die paneel van beoordelaars sal versoek word om 'n finale aanbeveling te maak. Voorts sal 'n toekenning slegs gemaak word indien die kreatiewe uitset ooreenkomstig die prestasieooreenkoms van die betrokke personeellid geskied.

Aangesien die NWU nog nie enige subsidie vir hierdie aktiwiteit ontvang nie, sal hierdie toekenning slegs vir uitsonderlike uitsette van 'n baie hoë gehalte gemaak word.

2 Evalueringsprosedure

Alle voorleggings sal aan 'n eweknie-evalueringsproses onderwerp word om die gehalte daarvan te bepaal. Eweknie-evalueerders sal gekies word op grond van die volgende kriteria:

1. Eweknie-evalueerders sal oor toepaslike akademiese kwalifikasies en/of ervaring beskik om voorleggings deur kreatiewe praktisyns wat in 'n wetenskaplike raamwerk werksaam is te kan beoordeel.
2. Eweknie-evalueerders moet werksaam wees in die media en/of paradigmas wat verband hou met dié wat kenmerkend is van die werk van die individu wat erkenning verlang.
3. Eweknie-evalueerders moes self die werklike uitstalling/kunswerk/aanbieding wat vir erkenning ingedien is, gesien het (nie slegs fotografiese rekords daarvan nie), tensy spesiale

en oortuigende redes deur die betrokke Fakulteite verskaf kan word oor waarom dit nie moontlik is nie.

4. In alle gevalle moet minstens één eweknie-evalueerder van buite die NWU wees.

Die Navorsingsondersteuningskantoor sal die integriteit van die proses soos volg handhaaf:

1. Dit staan die Direkteur: Navorsingsondersteuning vry om 'n aansoeker te vra vir 'n lys van potensiële evalueerders en 'n aanduiding van redes vir hul geskiktheid (sowel as kontakbesonderhede), en om dan 'n keuse te maak. Die aansoeker moenie versoek word om sêlf eweknie-evalueerders te kies of te nader nie; en moet ook nie gevra word vir 'n lys van moontlike evalueerders in volgorde van voorkeur nie.
2. Die Direkteur: Navorsingsondersteuning mag ook besluit om evalueerders te nader wat nie deur die aansoeker geïdentifiseer is nie.
3. Indien 'n eweknie-evaluering ontvang word wat negatief op 'n aansoek reageer, d.w.s. wat aanbeveel dat dit nie vir 'n toekenning in aanmerking geneem moet word nie, kan 'n addisionele eweknie-evalueerder genader word, met dien verstande dat alle verslae aan IKNI voorgelê word.
4. Indien twee negatiewe eweknie-evalueringe ontvang word, moet die aansoek as onsuksesvol beskou word.
5. Evalueringe sal as vertroulike inligting hanteer word, en die inhoud daarvan sal nie bekendgemaak word aan die aansoeker of aan enigiemand wat nie betrokke is by die bestuur van die aansoek nie.
6. Eweknie-evalueringe sal nie gebruik word vir enige ander doel as aansoeke vir 'n toekenning nie.

3 Kriteria

3.1 Musiekuitvoering

Die volgende kriteria word gestel waarvolgens 'n toekenning vir 'n musiekuitvoering gemaak kan word:

3.1.1 Vir openbare uitvoerings:

1. Openbare optredes moes voldoende geadverteer gewees het, waarvan bewyse saam met die aansoek ingedien moet word.
2. Die volgende optredes kan oorweeg word:
 - a. 'n vollengte-solo-uitvoering; (2-2.5 eenhede)
 - b. 'n uitvoering met groot ensemble (bv. concerto/solis met orkes of solis met jazzorkes); (1.5-2 eenhede)
 - c. 'n vollengte-kamermusiekuitvoering / klein ensemble (kwartet / kwintet / jazzcombo) (2-2.5 eenhede)
3. Die minimumtydsduur van elke uitvoering is:
 - a. vollengte-solo-uitvoering – minstens 50 minute;
 - b. uitvoeringstyd vir sangers en blaasinstrumentspelers – minstens 60 minute uitvoeringstyd;
 - c. groot ensemble-uitvoering – geen minimum vereiste uitvoeringstyd word voorgeskryf nie, maar die uitvoering van 'n enkele concerto / die helfte van 'n jazzorkes-stel tel slegs as 'n halwe program;
 - d. kamer / klein ensemble-musiekuitvoering – minstens 60 minute uitvoeringstyd, met die moontlikheid dat waar die uitvoerder ten minste die helfte van die tyd (maar nie die hele tyd nie) betrokke is, dit getel kan word as 'n halwe program.
4. 'n Klankopname van goeie gehalte moet van die uitvoering(s) gemaak word as permanente rekord.
5. Eksamenprogramme kan nie vir 'n toekenning oorweeg word nie.
6. Die paneel van beoordelaars bestaan uit:
 - a. die skooldirekteur (ex officio);
 - b. drie eksterne eweknie-evalueerders.
7. Ten minste één lid van die paneel van beoordelaars moet teenwoordig wees by die openbare uitvoering. Die uitvoering moet plaasvind binne 'n redelike reisafstand vanaf 'n beskikbare beoordelaar. Verdere beoordeling kan geskied per opname van die uitvoering. Die besluit van die paneel van beoordelaars moet eenparig wees.

8. Aansoeke moet ten minste twee maande voor die betrokke uitvoering (en ook voor 30 April) ingedien word sodat die praktiese komitee die beoordelaars kan benoem en die nodige reëlins getref kan word.

3.1.2 Klankopnames (2-2.5 eenhede)

1. Dit moet klankopnames wees wat aan die publiek bekend is, hetsy as radio- of televisieuitsendings of as kommersiële opnames wat in die ope mark beskikbaar is en in die algemene media geresenseer is, waarvan bewyse saam met die aansoek ingedien moet word.
2. Die minimumuitvoeringstyd per uitvoering is 50 minute.
3. Die paneel van beoordelaars bestaan uit:
 - a. die skooldirekteur (ex officio);
 - b. drie eksterne eweknie-evalueerders.
4. Die besluit van die paneel van beoordelaars moet eenparig wees.
5. Volledige aansoeke moet ingedien word teen nie later nie as 30 April van elke jaar.

3.2 Skryfkuns (1.5-2.5 eenhede)

Die NWU kan erkenning gee vir skryfkuns vir 'n werk of werke wat aan die volgende kriteria voldoen:

- a. 'n Werk of werke van beduidende omvang (d.w.s. 'n roman, 'n toneelstuk, 'n musiekkomposisie, 'n digbundel, kortverhale, essays of 'n seleksie van kinderboeke) uitgegee deur 'n erkende uitgewer kan voorgelê word vir 'n toekenning.
- b. 'n Vertaling van 'n letterkundige werk wat aan bogenoemde kriteria voldoen kan ook voorgelê word.
- c. 'n Portefeulje van werk (d.w.s. 'n aantal gedigte, musiekkomposisies of kortverhale) waarvan die meerderheid in erkende letterkundige tydskrifte gepubliseer is, kan voorgelê word vir oorweging.

'n Paneel van beoordelaars bestaande uit ten minste twee lede van buite die NWU wat in die betrokke genre werksaam is, sal die gehalte van die voorlegging beoordeel. Die paneel moet eenparig saamstem dat die werk van hoogstaande gehalte is in ooreenstemming met die norme van die genre waaraan dit behoort (hoewel dit nie eksklusief beoordeel moet word aan die hand van die norme vir hoë letterkunde nie).

3.3 Visuele kommunikasie-uitset (1.5-2.5 eenhede)

In die geval van visuele kommunikasie-uitsette (insluitende uitstallings van skone kunste en grafiese ontwerp) sal 'n verdelingsmodel soortgelyk aan die navorsingsuitsetmodel gebruik word – dus kan 'n kleiner uitstalling, ens. kwalifiseer vir 'n kleiner toekenning. Slegs drie kategorieë/vlakke moet gebruik word. Die gehalte moet altyd hoogstaande wees, maar die hoeveelheid kunswerke en die statuur van die uitstalling (plaaslik of nasionaal; groep- of solo-uitstalling) moet die kategorie bepaal.

Vlak/Kategorie 1 (1.5 eenhede)

- openbare uitstalling met resensie / beperkte werke op uitstalling
- deel van 'n groepuitstalling
- plaaslik / streek

Vlak/Kategorie 2 (2 eenhede)

- openbare uitstalling met resensie
- solo-uitstalling
- plaaslike, streeks- of nasionaal-aanvaarde galery

Vlak 3 (2.5 eenhede)

- openbare uitstalling met gunstige resensies
- solo-uitstalling
- nasionaal-erkende galery

'n Paneel van beoordelaars bestaande uit minstens twee eksterne beoordelaars sal die volgende riglyne in oorweging neem:

- bemeestering van die betrokke konseptuele aspekte;
- moontlike intrinsieke waarde en beduidendheid van uitstalling;
- estetiese kwaliteit, indien relevant;

- kontekstuele relevansie (akademies en/of sosiaal);
- tegniese vermoë en uitvoering;
- moontlike bydrae tot die betrokke vakgebied.

3.4 Videoproduksies (1.5-2.5 eenhede)

Die proses van aanvaarding deur 'n kliënt/programaankoper het sy eie ingeboude kwaliteitskontrole. Enige uitsaaier stel minimum tegniese en inhoudelike standaarde. Hierdie standaarde word deur die professionele bedryf gegeneer en afwyking hiervan stel die uitsaaier in 'n swak lig by konkurrente. Tegniese standaarde kan wel as 'n hek of siftingsproses dien, en verskillende programaankopers stel verskillende standaarde. Vir 50/50 is DVCAM gewoonlik aanvaarbaar, maar vir *National Geographic*, as die materiaal nie uitsonderlik is nie, sal dit onaanvaarbaar wees. Derhalwe moet tegniese standaarde gemeet word aan die gehalte van die kamerawerk en redigering en nie of dit in een of ander spesifieke formaat gedoen is nie.

Inhoudelike standaarde (teks en storie) is onafhanklik van tegniese standaarde, met ander woorde met 'n laer tegniese standaard (bv. DVCAM) is dit moontlik om 'n beter storie te vertel as met 'n hoër tegniese standaard (bv. Hi-Def). Die gehalte van die storie kan alleenlik deur portuurgroepe en natuurlik deur die kyker self beoordeel word.

In die geval van korporatiewe kliënte moet die statuur en kapitale krag van die kliënt 'n rol speel. 'n Lang dokumentêre program vir 'n ekonomiese reus (bv. Sasol, Eskom, Denel, Anglo-American, ens.), is baie meer arbeidsintensief en risikodraend as 'n kort verkoopsvideo vir 'n kleinhandelaar. Nietemin moet die video-toekenningskandidaat 'n volledige verslag indien van alle fasette van die voorproduksie-, produksie en na-produksiefases.

Die volgende evalueringskriteria sal dus gebruik word:

- die kliënt (uitsaaier/maatskappy) moet getakseer word;
- die totale produksieproses moet ontleed word;
- die bydrae van die vervaardiger tot die totale produksieproses moet in berekening gebring word.

Die paneel van beoordelaars sal bestaan uit minstens drie eweknie-beoordelaars, ten minste een uit die bedryf en een akademikus.

3.5 Oop kategorie (1-2.5 eenhede)

Die NWU kan 'n institusionele toekenning vir kreatiewe aanbieding in 'n oop kategorie toeken, soos 'n mondelinge aanbieding, opvoering van 'n toneelstuk by 'n kunstefees of oor die radio of beduidende deelname aan 'n gedigtefees of soortgelyke gebeurtenis.

Enigeen op die personeel van die NWU kan skriftelik via sy of haar Dekaan by die Direkteur: Navorsingsondersteuning aansoek doen vir 'n toekenning vir uitnemendheid in kreatiewe uitset, met vermelding van besonderhede, datums en tye van die optrede.

Die paneel van beoordelaars sal bestaan uit twee eweknie-beoordelaars van buite die NWU, wat in die bepaalde genre werksaam is. Hulle sal die werk beoordeel aan die hand van die norme van die betrokke tipe optrede.